NUUSBRIEF Nr. 15 **September 2016**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE ALGEMENE VERGADERING

Maandag 26 September 2016, 09h00 vir 09h30.
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

Menslike gedragsekologie vergemaklik argeologiese interpretasie: studie voorbeelde van die suid-Kaap.

Jan de Vynck.

Jan de Vynck is 'n doktorale kandidaat by Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. Sy navorsing gaan oor die produktiwiteit en betroubaarheid van intergety bronne vir menslike gebruik, in besonder die sosiale implikasies wat dit mag inhou met die bewussyns-ontwikkeling van mense in die middel en latere steentydperke. Hy woon in Stilbaai.

In sy praatjie bespreek hy hoe argeoloë dikwels net stukkies van legkaarge vind; hulle is afhanklik van multi-dissiplinêre studies vir verdere interpretasies van hierdie stukkies. Hy gebruik eksperimente met moderne analoë om te wys hoe steentydperk mens oorleef het deur gebruik te maak van bestaans-ekonomiese strategieë.

Gaste en nie-lede is welkom by die praatjie, toegang is gratis.

LEDEGELDE

Lede moet asseblief hul ledegeld vir 2016/17 (R30 vir die jaar wat op 30 Junie 2017 eindig) voor of op 30 September 2016 betaal. Ons neem aan dat lede wat nog nie teen daardie datum betaal het nie, hul lidmaatskap wil kanselleer.

U kan by die Algemene Vergadering op 26 September betaal; of in ons bankrekening inbetaal: ABSA Sake Spaarrekening – Naam: U3A Stilbaai; Nr: 9321782429; Kode: 632005. Maak asseblief u naam die ontvanger se verwysing, betalings wat sonder u naam deurkom word as donasies aanvaar. Ons adviseer ook dat u onmiddelik na betaling 'n epos stuur aan *bank@u3astilbaai.org* om betaling te bevestig.

DIT EN DAT …

Algemene Vergadering op 29 Augustus.

Roberto Anastagi het sy praatjie en skuifie-vertoning aangebied oor die verskeie mense-groepe, terreine en historiese feite van Sirië vanaf tye van Mesopotamië, deur die Kruistogte tot vandag. Die gehoor het gou gewoond geraak aan Roberto se gemaklike Engels met die Italiaanse aksent – deur hom het ons 'n reis deur Sirië en deur die geskiedenis onderneem. Ons bedank Roberto dat hy sy intense belangstelling in die geskiedenis van mensdom en dinge verwant aan die mens se geskiedenis met ons gedeel het.

U3A Stilbaai Epos.

Ons wil graag moontlike verwarring met ons epos stelsel opklaar. Ons *info@u3astilbaai.org* epos gaan na verskeie lede van die komitee. Dit beteken dat die komitee-lid verantwoordelik vir 'n spesifieke aspek, 'n epos sal beantwoord – byv. Stefan sal reageer op eposse oor kursusse; Brian sal lede navrae beantwoord.

Jagersbosch Fonds.

Die Jagersbosch Fonds, wat ons geskep het om 'n skerm en data-projektor vir Die Waenhuis aan te koop, het goed begin. Op 15 September was die fonds R3,259-20 sterk, danksy verskeie donasies. Die fonds is geloods deur surplus gelde van die Favour Stoetery uitstappie (R98-20), die uitloting by die vorige vergadering het 'n verdere R401 bygevoeg, en ons het ook R1,000 van U3A fondse na die Jagersbosch Fonds oorgedra.

Die volgende donasies word met dank erken: Eric Kaplan & Rosanne Zuber (R200); Voëlkyk groep (R860); Mike & Louise Steytler (R500); en 'n anonieme donasie van R200.

Die projeksie-skerm is aangekoop vir R2,622, en sal installeer wees vir ons volgende vergadering. Ons volgende doelwit is 'n moderne data-projektor vir Jagersbosch. U3A Stilbaai nader ook ander soortgelyke organisasies wie by tye die fasiliteite by Jagersbosch gebruik om by te dra tot die fonds.

Ons sal weer 'n bottel wyn by ons September Vergadering uitloot ten bate van die Fonds. Indien enige lid graag 'n donasie wil maak vir hierdie verdienstelike saak, kan u 'n betaling maak in ons bankrekening [ABSA Sake Spaarrekening:– Naam: U3A Stilbaai; Nr.: 9321782429; Kode: 632005], vul asseblief "Jagersbosch Fonds" in as die verwysing; en epos ons by *bank@u3astilbaai.org* om betaling te bevestig.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Beginner's Kuns** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend, kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Stilbaai Historiese Huise Toer** : Hella Döckel se volgende toer van sommige van Stilbaai se historiese huise is gedurende die tweede week van November. Getalle vir die toer is beperk – kontak asseblief Hella op *dockel@vodamail.co.za* om 'n plek te bespreek. Die dag en tyd van die toer sal later, afhangende van die weerstoestande, bevestig word.
- **Italiaanse Kookkuns** : Reinette Anastagi bied 'n kursus in Italieaanse kookkuns; sy konsentreer op disse wat vinnig en maklik voorberei kan word. Haar eerste kursus was vol bespreek, kontak asseblief Stefan op *info@u3astilbaai.org* indien u belangstel aangesien daar nog kursusse sal wees.
- **Kursus in isi-Xhosa** : Een van ons lede het voorgestel dat ons in kursus in isi-Xhosa aanbied, maar ons moet bepaal of genoeg mense belang sal stel. Hierdie tipe kursus sal net blywende resultate lewer as deelnemers gereeld isi-Xhosa gaan gebruik. 'n Probleem op hierdie stadium is dat ons weet nie van enige plaaslike persoon wat 'n kursus in isi-Xhosa sal kan aanbied nie. Kontak Stefan by *info@u3astilbaai.org* indien u belang stel.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TOEKOMSTIGE PRAATJIES ...

Ons het verskeie interessante sprekers en onderwerpe vir komende algemene vergaderings.

- 31 Oktober 2016: Gill Simpson, Klipfontein Natuurreservaat: *Rehabilitering van wilde diere*.
- 28 November 2016: Dave Carter*: Fantastika Antarktika*.
- 28 December 2016: Marié Heese gesels oor haar nuwe boek "Maestro" – 'n roman oor die vormingsjare van die 17de eeu Italiaanse beeldhouer Gianlorenzo Bernini.
- 3 Januarie 2017: Prof Hermann Giliomee spreek ons toe – die onderwerp sal later bekend gemaak word.